


Afrikaans 1 (Huistaal) – Graad 1

Welkom by ons Conquesta Olimpiade.
Lees al die vrae noukeurig.
(Onderwyserbystand word toegelaat deur
die teks hardop uit te lees.)

Jy moet besluit watter een is die regte
antwoord vir elke vraag – en dan 'n
sirkel rondom (a), (b), (c) of (d) aan die
regterkant van elke vraag trek. Jy mag
net een antwoord vir elke vraag kies.



Voorbeeld:
**'n Groot tand, maar
'n klein**



(a)
tandjie

(b)
lippie

(c)
ogjie

(d)
oortjie

Lees die gedigjie onder en omkring die korrekte antwoorde vir vrae 1 – 10.

Oos, wes, tuis bes!

Tokke-tokke-tok
huis, paleis, pondok.

Ek kan altyd skuiling soek
in 'n hut hier om die hoek.

Sommer in 'n woonwa bly-
of hy staan en of hy ry.


Ek kan in wind en weer
in 'n tentjie gaan kampeer

Sonder om my stert te roer
sit ek op 'n woonstelvloer.

Waarom is ek oral tuis?
Ou dommie! Ek is nóg 'n muis!

Deur: Ellen Botha

1.	Kies die werkwoord wat die beste pas. Ek in 'n huis.	(a) bly	(b) kry	(c) ry	(d) ly
----	--	------------	------------	-----------	-----------

2.	Wanneer jy by iemand gaan kuier, moet jy aan die deur	(a) slop	(b) klap	(c) klop	(d) slap
3.	Wat beteken die volgende? Wanneer jy skuiling soek.	(a) Jy skree weg.	(b) Jy loop weg.	(c) Jy vee weg.	(d) Jy kruip weg.
4.	Wie bly in 'n paleis?	(a) kaptein 	(b) koning 	(c) kelner 	(d) kameel 
5.	Die muis is oral	(a) juis	(b) muis	(c) tuis	(d) kruis
6.	Kies die teenoorgestelde woord vir die onderstreepte woord. Ek woon in 'n <u>groot</u> huis.	(a) klein	(b) maer	(c) vet	(d) nuwe
7.	Kies een woord vir die volgende woorde. 'jy, jou, ma, pa, boetie, sussie'	(a) gesig	(b) gesin	(c) gesels	(d) gebring
8.	Kies een woord vir 'baie klein' .	(a) vrekkelein	(b) doodklein	(c) piepklein	(d) muisklein
9.	Waar in kan jy bly wanneer jy met vakansie gaan kamp?	(a) perdewa	(b) vragwa	(c) sleepwa	(d) woonwa
10.	Wat is die verkleinwoord vir 'tent' ?	(a) tentjie	(b) tenkie	(c) tenttjie	(d) tentetjie